HALLO. HOOGLAND

Geloof deur liefde tot dade

2 Maart 2025

041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za | 079 815 9325

Jona 3: 1 – 4: 11

GENADE

(in hoofletters)

2 Maart 2025 @ 09:00

Baie Welkom by vanoggend se Erediens!

Mag jy tuis voel in die Geloofsfamilie van Hoogland

Indien daar enige nuwe lidmate of besoekers is, kom maak asseblief kennis, na afloop van die erediens, by die Gemeentedienste tafel in die Voorportaal (by die hoofingang).

Vernon Bouwer, wat vir jare met kanker saamgeleef het is hierdie week oorlede. Hoogland se hart gaan uit na Karen en die kinders in hierdie tyd.

Hoogland het ook verneem dat die siek persoon wat Hoogland einde van verlede jaar versorg en ondersteun het, Donderdagoggend oorlede is. Baie dankie aan elkeen wat hulle harte en beursies oopgemaak het vir die gesin.

Hoogland het 'n NUWE motorwag

Hoogland het 'n nuwe motorwag! *Leonard Zeelie*, is miskien vir party 'n bekende gesig by Builders. Hy het kom aanmeld om vir almal se gemoedsrus na die motors om te sien tydens eredienste.

Program van die dag

09:00 Oggenddiens: Ds Sunell Ribbens

Hoogland het vanoggend die voorreg om twee babas te doop:

- Eleah Bezuidenhout, dogtertjie van Wikus & Jannike
- Livan Kommer, seuntjie van Tiaan & Aneshia

10:00 GVG in hulle onderskeie lokale

Deurkollekte: Sin Diens van Barmhartigheid

Program vir die week

Maandag: 3 Maart
10:00 Gebedsaksie in die Gebedskapel

Woensdag: 5 Maart
08:45 B'fontein Bybelstudie
10:00 Gemeente Bybelstudie
16:30 Aswoensdagdiens @ B'fontein
18:30 Aswoensdagdiens @ Kerkgebou

Vrydag: 7 Maart
05:15 Mannebediening
10:00 Wêreldbiddagbyeenkoms - Kapel
18:00 GVG Braaibroodjie-Kuieraand

Hoogland Dankoffers

Snap here to pay
SnapScan

Bankbesonderhede

NG Kerk PE Hoogland
ABSA
Rek - 1400 149 980
Takkode - 632005

Zapper

Hoogland Gebedsaksie

Gebedsversoeke kan vertroulik met 'n *WhatsApp* boodskap gestuur word na 079 815 9325.

Erediensbediening

Hier beleef Hoogland tans 'n tekort aan hande.
Hoogland se Erediensbediening is 'n groep vrywilligers wat weekliks, op 'n roterende basis, help by verskillende fasette van die erediens, bv die opneem van dankoffers, die bediening van koffie na die diens, hulp met nagmaal bediening asook die hartlike verwelkoming by die deure as u instap.
Indien u graag wil aanmeld om iewers die Hoogland familie op een van hierdie maniere (dankoffers/koffie skink/ens) te dien, gesels gerus met Leandra in die kerkkantoor.
Die personeel onderneem om jou as nuweling mooi op te lei en deel te maak van die spesifiek span waarby jy wil inskakel.

Lydenstyd 2025 @ Hoogland

Wat is Lydenstyd?

Lydenstyd begin met Aswoensdag, 5 Maart en strek tot en met Goeie Vrydag. Dit is 40 dae en 6 Sondae lank (die Sondae word nie by die 40 dae ingetel nie). Die oorsprong van Lydenstyd is te vinde in die oud-kerklike gebruik om die doop aan nuut-bekeerde lidmate een maal per jaar te bedien tydens die Opstandingsfees. 'n Tydperk van 40 dae (met verwysing na die tyd wat Jesus in die woestyn was voor Hy met Sy openbare bediening begin het) is gewy aan die voorbereiding en onderrig van voor-nemende dopelinge. Met verloop van tyd is hierdie 40 dae tydperk deur almal gebruik as 'n tyd van selfondersoek, inkeer, besinning en hernieude toewyding.

In hierdie verband staan Romeine 6:8 uit: "Ons het saam met Christus gesterwe; daarom glo ons dat ons ook saam met Hom sal lewe."

Hoe vier Hoogland dit?

In Lydenstyd word daar gefokus op die lyding van Jesus (veral tydens sy 40 dae in die woestyn) asook op die swaarkry en lyding in die wêreld. Christene gebruik hierdie tyd om hulself voor te berei op Paasfees deur introspeksie en sondebelydenis te doen. Ou kerkgewoontes soos vas, stilte en gebed het Christene oor die eeue hiermee gehelp.

Lydenstyd is ook 'n tyd van hertoewyding. Daarom staan dissipelskap sentraal. Lydenstyd is daarom ook 'n geleentheid vir toerusting vir dissipelskap en groei. As geloofsfamilie is daar veral twee dinge wat Hoogland hierdie jaar gaan doen:

1) Die getuienis van rooi lappe

Hoogland wil graag elke lidmaat aanmoedig om êrens by jou huis 'n rooi lap om 'n boom te draai of 'n rooi lint aan jou hek/deur vas te maak. Wanneer iemand dan vra waarvoor hierdie rooi lappe is, gee dit vir elke Hooglander die geleentheid tot verdere getuienis deur te vertel van Jesus se kruisdood en opstanding.

2) Die geloofsdissipline van vas

Wil jy nie kyk na jou eie dag se program, stil raak en die Here vra waarvan jy kan vas in hierdie Lydenstyd nie?

Uit die hart...

" 'n Joodse legende vertel van 'n ongehoorsame engel wat by God om genade pleit. God het gesê: "Ek vergewe jou, indien jy vir My die waardevolste ding op aarde bring!" Die engel het 'n sterwende soldaat gevind en 'n druppel van sy bloed na God gebring. God het gesê:
"Die bloed van iemand wat vir sy land sterf, is waardevol,
maar dis nie die waardevolste nie!"

So het die engel aangehou soek en elke keer as hy iets teruggebring het, was die Here steeds nie tevrede nie. Eendag wou 'n boer 'n veedief, wat hom besteel het, doodskiet! Hy het by die venster van die veedief se huis gestaan terwyl dié sy kinders nagsê. Op daardie oomblik het hy aan sy eie kinders gedink en sy geweer laat sak. 'n Traan het oor sy wang gerol toe hy besef het dat hy amper 'n huis se geluk verwoes het!

Die engel het met dié traan by God aangekom. God het geglimlag:

"Daar is niks waardevoller as 'n traan van berou nie."

Ons harte hunker dikwels na vergifnis, na genade, na 'n tweede kans. Maar hoe dikwels is ons bereid om dieselfde genade aan ander te bewys?

Die Joodse legende wat vertel van 'n engel wat op soek was na die waardevolste ding op aarde. Hy bring dapperheid, opoffering en liefde na God, maar niks was genoeg nie. Uiteindelik bring hy 'n traan van berou - en dáárin vind God die grootste waarde.

Berou is die sleutel tot 'n veranderde hart. Dit is nie net om jammer te sê nie, maar om werklik 'n ommekeer in ons denke en dade te maak. Wanneer ons, soos die boer in die storie, ons woede in genade omskep, ons oordeel in liefde verander, dan kom ons nader aan die hart van God.

Jesus sê in Matteus 5 vers 7: **"Gelukkig is die barmhartiges, want hulle sal barmhartigheid ontvang".** Wanneer ons God se genade ervaar, moet ons dit ook aan ander uitdeel. Dit beteken om te vergewe, selfs wanneer dit moeilik is en om liefde te wys, selfs teenoor dié wat dit nie verdien nie.

Mag ons vandag onthou dat God anders na mense kyk as wat ons doen. Hy sien nie net ons foute nie - Hy sien ons potensiaal, ons gebrokenheid en ons vermoë tot verandering. Laat ons ook só na ander kyk: met liefde, genade en 'n bereidheid om te vergewe.

Groete ... ds Sunell

GVG

BRAAIBROODJIE KUIER-AAND

VRYDAG 7 MAART
VURE VANAF 18:00

GVG Ouers / Maats bring jou piekniekmandjie, kampstoele en **gunsteling braaibroodjieresep** en kom kuier lekker saam! Vure sal voorsien word!

RSVP BY JOU KIND SE GVG MENTOR @ 5 MAART

Bespreek by Leandra in die kerkkantoor
as jy wil kom saam kamp! Tyd word nou min!!!

GEMEENTEKAMP 2025

21 - 23 Maart 2025
te Innikloof (naby Hankey)

Kampkostes
SLEGS KAMPEER plekke beskikbaar :
R150 pppn / volw
R85 pppn kinders
0/5 jaar kamp gratis

Bespreek by Leandra of stuur 'n WhatsApp na 079 815 9325
... dit is 'n langnaweek as jy langer wou kamp

Hoogland bied vanaf 15 April 'n *Divorce Care* kursus aan. Indien jy al hierdie seer pad van egskeiding gestap het en daar nog vrae in jou hart is kom gesels saam met ander met dieselfde worstelinge en vrae. Hierdie kursus is ook vir NIE-Hooglanders so as jy weet van iemand wat die pad van egskeiding gestap het — stuur gerus die "advertensie" vir hom / haar aan.

Hoogland Gebedsaksie

Wêreldbiddag-byeenkoms

Vrydag, 7 Maart
10:00 - 12:00
Hoogland
Gebedskapel

Almal (dames/mans) is baie welkom !!

LEEF LIEFDE TOT EER VAN GOD
LORRAINE FAMILIEKERK
Kraggakamma Gemeente
Sherwood GEMEENTE

Wêreldbiddag

Mans & Dames welkom!

Sprekers:

Christelle & Henry Webb-Joubert (RSG)

Tema: "I made you wonderful" - Ps 139

Worsbroodjies beskikbaar vanaf 17h30
Worsbroodjies te koop teen R30 - vooraf bestel by betrokke kerkkantore

Donderdag, 06 Maart 2025

19:00

NG Kerk Kraggakamma
Gazanialaan 2, Fernglen, PE

Bespreking:
Gratis toegangkaartjie beskikbaar by betrokke kerkkantore